Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

25 Februarie 2018

Eredienste:
08h30: Ds Thinus Britz (1 Kor 15) – Doop
10h00: Ds Thinus Britz (1 Kor 15)
18h00: Ds Marietjie Steyn (Luk 22:24-30) – Nagmaal

Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.
Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.

DEURKOLLEKTE: CAB Atlantis Wesfleur 25 Februarie 2018

Ons wil graag vir almal wat betrokke was, bygewoon het en bygedra het, verskriklik baie dankie sê. Die Pretstap was weer eens 'n heerlike kuier geleentheid met baie PRET! Ons wil ook Entry Ninja bedank wat gehelp het met die inskrywings en registrasie op die dag en het ook al die aanlyn inskrywings hanteer.

NUWE INTREKKERS
Baie welkom aan al ons nuwe intrekkers! Ons hoop julle voel baie welkom by ons. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal).

DOOP
Pieter en Anthea van der Walt doop hul baba, Markus (gebore 15 Aug 2017). **Baie geluk!**

KATEGETE
Ons is nog opsoek na aflos kategete vir Junior Jeug. So as jy dalk nou en dan wil help om 'n Junior Jeug klassie aan te bied, kontak asb vir ds Marietjie.

JUNIOR JEUG KALENDER

25 Feb Lessie 9	04 Mrt Gebedsdag
11 Mrt Lessie 10	18 Mrt Lessie 11

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens.
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

KOOROEFENING
Paassangdiens se kooroefeninge begin op 27 Feb om 19:00 – 20:30. Kom sing saam! Navrae: Ds Elmarie

AANDDIENS PREEKREEKS 18:00
Die Jesus-styl: nie WAT nie, HOE
18 Feb: Glo soos 'n kind
25 Feb: Soos die jongste
4 Mrt: Wees laaste
11 Mrt: Wees die minste
18 Mrt: Nie met mag of krag nie
25 Mrt: Geen ambisie, geen reputasie

CAB WESFLEUR ATLANTIS
Ons gemeente handhaaf steeds die mooi verhouding wat deur die jare opgebou is met die VG Gemeente Wesfleur in Atlantis. Ons betrokkenheid by mekaar gebeur hoofsaaklik met skakeling met die CAB (Christelike Afhanklikheids Bond). Hulle het 'n sterk tak in Wesfleur wat fantastiese werk doen om mense wat van alkohol en ander middels afhanklik is, te help om sober te word en ook te bly. Ons leer baie by hulle. Hulle kom weekliks bymekaar om afhanklikes en hul families te ondersteun. Ons deurkollekte help om hierdie tak van die CAB te laat voortbestaan, in 'n gemeenskap waar fondse 'n voortdurende uitdaging is.

TEESKINKERS
Ons maak gebruik van vrywilligers om te help by gedenkdienste om tee te skink. Ons wil graag vra dat as jy bedags beskikbaar is en graag wil help, kontak asb die kerkkantoor by 021 554 1290.

GEBEDSDAG 3 MAART

Ons sendeling, Zanna Kirsten, kom kuier in Maar ten bring ook vir Graham Wells van OM (Operasie Mobilisasie) saam! Op 3 Mrt gaan ons 'n heerlike gebedsdag by die kerk hou. Die tema is Pret-Gebed, en ons gaan met speletjies, kuns, temas en ander maniere intimiteit met God herontdek en geniet. Kom leer iets nuuts in 'n veilige omgewing. Jy kan slegs een 90-minuut sessie bywoon of almal ☺.

Sessie 1: 08:00 – 09:30
Sessie 2: 10:00 – 11:30
Sessie 3: 12:00 – 13:30

Navrae: ds Elmarie Dercksen 083 276 4944

ECHO ETES

Elke tweede Donderdag eet die Echo gemeenskappe van Table View en Durbanville saam by die Table View Echo-huis. Ons is op soek na vrywilligers wat bereid sal wees om vir 15 mense kos te maak en af te lewer by die huis in Table View. Daar eet seker so 30 mense saam, maar hoe meer vrywilligers ons het, hoe minder hoef julle kos te maak. Ons sou julle ook finansieel kon vergoed indien nodig. As jy vrae het of wil help, kontak asb. vir Marietjie by 083 461 1220 of marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

GESIGGIES / JUNIOR JEUG

Dis weer hierdie tyd van die jaar! Ons samel allerhande smere in vir ons Gesiggie projek. Bring asb 'n botteltjie /blikkie Grondboontjiebotter, Fyn konfyt, Geblikte vis, Boeliebief, Nutella, Tamatiesous, Mayonaise, Milo/Warm sjokolade, Langlewe melk en eiers. Navrae: Carina Howard 082 926 6428

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
04/03/2018	E	E	M	Nagmaal 10:00 & Doop 10:00
11/03/2018	E	E	T	
18/03/2018	T	T	M	
25/03/2018	T	T	E	Paassangdiens 10:00; Deurkollekte: Jan Kriel Instituut